idiomatiese taalgebruik

Sy **aand-** en môrepraatjies kom nie ooreen nie.	*Hy bly nie altyd by wat hy sê nie*
Die **aap** uit die mou laat	*'n Geheim verklap*
Adam sê dis Eva en Eva sê dis die slang	*Mens wil altyd die skuld aan andere gee*
'n **Agterdeur** oophou	*Sorg dat daar 'n moontlike uitweg is*
Agteros kom ook in die kraal	*Die stadigste / domste persoon bereik op die end ook nog sy doel*
Gou op sy **agterpote** wees	*Gou kwaad word*
Die **alfa** en omega	*Die begin en einde*
Die **appel** val nie ver van die boom nie	*Die kind aard na sy ouers*
Een vrot **appel** steek al die ander aan	*'n Slegte persoon beïnvloed ander negatief*
Iets vir 'n **appel** en ei koop	*Iets vir 'n belaglike goedkoop prys koop*
'n **Appeltjie** met iemand te skil hê	*'n Klein, onaangename sakie met iemand uitklaar*
Iemand op sy **baadjie** takseer	*Iemand na sy uiterlike beoordeel*
Iemand van **bakboord** na stuurboord stuur	*Iemand doelloos rondstuur*
Balke saag	*Snork*
Liewers **bang** Jan as dooie Jan	*Liewer versigtig as dood*
Harde **bene** kou	*Baie swaar kry*
Met die verkeerde **been** uit die bed klim	*In 'n slegte bui wees*
Goed **begonne** is half gewonne	*As jy fluks begin, is die werk gou klaar*
So 'n **bek** moet jêm kry	*Wat gesê word is die moeite werd*
'n **Berg** van 'n molshoop maak	*Baie oordryf*
Nuwe **besems** vee skoon	*'n Nuwe werknemer werk deeglik, maar dit bly nie noodwendig so nie*
'n Nuwe **blaadjie** omslaan	*Van vooraf begin; 'n nuwe, skoon lewe lei*
Leë **blikke** raas die meeste	*Grootpraters voer min uit*

Sonder **blik** of bloos	*Sonder skaamte*
Dis die laaste sien van die **blikkantien**	*Dit het spoorloos verdwyn*
Een **blinde** kan nie 'n ander blinde lei nie	*'n Onkundige mens kan nie iemand wat ook niks weet, help nie*
In die land van die **blindes** is eenoog koning	*Onder dommes het 'n halfgeleerde 'n belangrike persoon*
Bloed is dikker as water	*Vir bloedverwante (familie) doen jy meer as vir ander*
Bloed uit 'n klip wil tap	*Die onmoontlike probeer doen*
Bloed sweet	*Baie swaar kry*
Iemand se **bloed** laat kook	*Iemand baie kwaad maak*
Blou **bloed** hê	*Van adellike/koninklike afkoms wees*
'n **Bobbejaan** agter die bult gaan haal	*Jou blind staar teen moontlike probleme*
Buig die **boompie** terwyl hy nog jonk is	*Leer 'n kind reg terwyl hy nog klein is*
Hoë **bome** vang die meeste wind	*Belangrike mense kry die meeste kritiek*
Die **bordjies** is verhang	*Die toestand het verander*
'n **Broertjie** dood aan iets hê	*Niks hou daarvan nie*
Mooi **broodjies** bak	*Iemand vlei om jouself te begunstig*
Iemand om die **bos** lei	*Iemand bedrieg*
Botter smelt nie in sy mond nie	*Hy hou hom baie onskuldig*
Hy het in die **botter** geval	*Hy het dit gelukkig getref*
Dit gaan **broekskeur**	*Hulle kry finansieel swaar*
Die een se dood is die ander se **brood**	*Die dood/ondergang van een persoon bevoordeel dikwels 'n ander*
Die **bul** by die horings pak	*Iets moeilik dadelik aanpak*
Vee eers voor jou eie **deur**	*Sorg dat jy nie te blameer is van iets waarvan jy 'n ander beskuldig*
Hy is 'n ongeslypte **diamant**	*'n Onverfynde persoon met sekere goeie eienskappe*
Moenie **doekies** omdraai nie	*Wees reguit*
Dis 'n **doring** in die vlees	*Dis lelik en hinderlik*

'n Halwe **eier** is beter as 'n leë dop	*Iets kleins is beter as niks*
Erfgeld is swerfgeld	*Besittings waarvoor jy nie self gewerk het nie, verloor jy maklik*
Iemand 'n **gat** in die kop praat	*Iemand ompraat*
Gekke en dwase skryf op mure en glase	*Dis verspot om jou naam oral te wil skryf*
Geld in die water gooi	*Geld mors*
Geld wat stom is, maak reg wat krom is	*Met geld kan jy enigiets doen*
Iemand in die **gesig** vat	*Iemand slegsê*
Gods water oor Gods akker laat loop	*Sake hul eie gang laat gaan*
Ver van jou **goed**, naby jou skade	*As jy nie self jou goed oppas nie, kan jy skade verwag*
Goedkoop is duurkoop	*Dis beter om gehalte te koop as goedkoop/swak produkte*
Die **gort** is gaar	*Daar is nou moeilikheid*
Elke **haan** is baas op sy eie mishoop	*Elkeen wil baas wees in sy eie gebied*
Voor die **hane** kraai	*Baie vroeg in die oggend*
Die **hare** het gewaai	*Daar is woes baklei*
Grys **hare** van iets kry	*Baie gekwel word deur iets*
Hare op die tande hê	*Baie durf en deursettingsvermoë hê*
Mekaar in die **hare** vlieg	*Mekaar inklim*
Sy **hare** het orent gestaan	*Hy was baie bang*
Sy **hare** uit sy kop trek	*Berou / baie spyt wees oor iets*
Baie **hande** maak ligte werk	*As almal help, is 'n taak maklik*
Die **hande** vol hê	*Baie besig wees*
Iemand die **hand** reik	*Iemand help*
Hand in eie boesem steek	*Selfondersoek doen*
Iemand se **hande** staan vir niks verkeerd nie	*Hy kan alles doen*
Jou **hande** in onskuld was	*Nie die skuld vir iets aanvaar nie*
Met gevoude **hande** sit	*Niks doen nie*
Sy **hand** diep in sy sak steek	*Baie vir iets gee of betaal*

Sy **hand** jeuk om iets te doen	*Hy het baie lus*
Uit iemand se **hand** eet	*Heeltemal in iemand se mag wees*
Van die **hand** na die mond lewe	*Elke dag uitgee wat jy verdien*
Van die **hand** na die mond val die pap op die grond	*Op die laaste oomblik kan iets nog verkeerd gaan*
Van die **hand** sit	*Verkoop*
Van die **hand** wys	*Weier*
Die **hef** in die hand hê	*Die mag besit*
Handdoek ingooi	*Die stryd gewonne gee*
Iemand die **harnas** injaag	*Iemand kwaad maak*
Dit lê hom na aan die **hart**	*Baie geheg aan iets wees; baie vir 'n saak voel*
Iemand se **hart** steel	*Jou by iemand bemind maak*
Iets na aan die **hart** dra	*Baie vir iets voel*
'n Warm **hart** hê	*Goedhartig wees*
Nie van jou **hart** 'n moordkuil maak nie	*Nie jou gevoelens onderdruk nie*
Sy **hart** het byna gaan staan	*Hy het baie groot geskrik*
Sy **hart** klop in sy keel	*Hy is baie benoud*
Sy **hart** sink in sy skoene	*Sy moed begeef hom*
Die **hasepad** kies	*Weghardloop / vlug*
Op **heter** daad betrap word	*Iemand betrap terwyl hy oortree*
Hemel op aarde hê	*'n Baie lekker lewe lei*
Die **herrie** in wees	*Baie kwaad wees*
Iemand **hiet** en gebied	*Iemand rondbeveel*
Jou **hoed** vir iemand afhaal	*Iemand vir iets bewonder*
Op jou **hoede** wees	*Versigtig wees*
Met die **hoenders** gaan slaap	*Baie vroeg gaan slaap*
Blaffende **honde** byt nie	*Mens hoef nie bang te wees vir mense wat dreig of raas nie*
Elke **hond** kry sy dag	*Elkeen kry 'n beurt om geluk of teenspoed te kry*

Elke **hond** prys sy stert	*Elkeen is geneig om homself te prys*
Haastige **hond** verbrand sy mond	*'n Mens moenie oorhaastig optree nie*
Hond se gedagtes kry	*Wantrouig raak*
Hy het nie **hond** haar-af gemaak nie	*Hy het niks uitgevoer nie*
Slapende **honde** wakker maak	*Ou rusies ophaal*
Te veel **hooi** op sy vurk hê	*Hy het te veel om te doen*
Wie nie wil **hoor** nie, moet voel	*As iemand ongehoorsaam is / nie goeie raad wil aanvaar nie, moet hy gestraf word / die gevolge dra*
So slim soos die **houtjie** van die galg	*Baie slim en geslepe (skelm)*
Die **huis** op horings neem	*'n Groot lawaai maak*
Elke **huis** het sy kruis	*Elkeen het sy moeilikheid of leed*
Met hom is geen **huis** te hou nie	*'n Mens kan niks met hom aanvang nie*
Dis jou **indaba**	*Dis jou probleem*
Jakkals trou met wolf se vrou	*Dit reën terwyl die son skyn*
Jakkals prys sy eie stert	*Hy prys homself*
Jakkalsdraaie maak	*Allerhande geslepe (skelm) planne hê*
Jan Rap en sy maat	*Die publiek*
Met **Jan** Tuisbly se karretjie ry	*By die huis bly*
Hoe kaler **jonker**, hoe groter pronker	*Wie die minste besit, spog gewoonlik die meeste*
Die **Kaap** is weer Hollands	*Alles is weer reg*
Oop **kaarte** speel	*Reguit wees*
Hy dink hy's **kaas**	*Dink baie van homself*
Die **kaf** van die koring skei	*Die goeie van die slegte skei*
Nie onder 'n **kalkoen**/volstruis/ skilpad uitgebroei wees nie	*Nie so dom wees as wat ander dink nie*
Oor dieselfde **kam** skeer	*Almal eenders behandel*
Die blink **kant** bo hou	*Moed hou*
Agter die **kap** van die byl kom	*Iets agterkom*
As die **kat** weg is, is die muis baas	*Wanneer die baas weg is, maak die onderhoriges net wat hulle wil*

Die **kat** uit die boom kyk	*Versigtig wees t.o.v. sake en onderhandelings*
'n **Kat** val altyd op sy pote	*Hy red hom altyd uit die moeilikheid*
By iemand **kers** opsteek	*By iemand raad vra*
Iets in die **kiem** smoor	*Iets onderdruk voor dit kan ontwikkel*
Die **kind** met die badwater uitgooi	*Die goeie saam met die slegte verloor*
Daar is 'n **kinkel** in die kabel	*Onvoorsiene moeilikheid*
'n **Klip** in die bos gooi	*Aspris reaksie uitlok deur 'n uitdagende bewering te maak*
Dit gaan **klopdisselboom**	*Dit gaan goed*
Die **kluts** kwyt raak	*Deurmekaar raak / wees*
Die **koeël** is deur die kerk	*Dis te laat; dis verby*
Oor **koeitjies** en kalfies praat	*Oor nietighede gesels*
Ou **koeie** uit die sloot haal (grawe)	*Pynlike herinneringe ophaal*
Koning kraai	*Baas wees*
Die **kool** is die sous nie werd nie	*Dis nie die moeite werd nie*
Op hete **kole** sit	*Gespanne en in afwagting / ongeduldig wees*
Kop bo water hou	*Met moeite net genoeg verdien om aan die lewe te bly*
Jou **kop** breek oor iets	*Jou bekommer*
Jou **kop** op 'n blok sit	*Baie seker van jou saak wees*
Jou oë uit jou **kop** skaam	*Baie skaam wees*
Kop in een mus wees	*Dinge saam beplan*
Kop verloor	*Beheer verloor*
Kop uittrek	*Jou aan iets onttrek*
Nie **kop** of stert van iets uitmaak nie	*Dit glad nie kan verstaan nie*
Op iemand se **kop** sit	*Baasspeel oor iemand*
Sy **kop** is deur	*Hy is gered; hy was suksesvol*
Kort van draad wees	*Gou kwaad word*
Die **kraaie** gaap	*Dis baie warm*

Wie laaste **lag**, lag die lekkerste	*Wie laaste aan die beurt kom, trek dikwels meer voordeel*
Hoe **later**, hoe kwater	*Hoe langer dit duur, hoe erger word dit*
Ledigheid is die duiwel se oorkussing	*As jy niks te doen het nie, kom jy in allerlei verskonings*
Daar gaan vir iemand 'n **lig** op	*Hy begin verstaan*
Ligloop vir iemand	*Versigtig wees vir iemand*
Lig werp op	*Iets bydra om 'n saak te verduidelik*
Aan iemand se **lippe** hang	*Aandagtig na iemand luister*
Dit sal nooit oor my **lippe** kom nie	*Ek sal nooit daaroor praat nie*
Iemand het nog nie nat of droog oor sy **lippe** gehad nie	*Hy het nog niks geëet of gedrink nie*
Jou **lippe** aflek	*Jou by voorbaat in iets verlustig*
Sy **lip** hang	*Hy voel teleurgesteld en verslae*
Iemand in die **loef** steek	*Iemand voorspring*
Lont ruik	*Agterdogtig word; gevaar vermoed*
Iemand aan sy **lot** oorlaat	*Jou nie aan iemand steur nie*
Van **lotjie** getik wees	*Nie heeltemal by jou verstand wees nie*
Jy kan dit maar op jou **maag** skrywe	*Daar gaan niks van kom nie*
Iemand kan na die **maan** vlieg	*Nie omgee wat met iemand gebeur nie*
Maanskyn en rose	*Alles voorspoedig en goed*
Maljan onder die hoenders	*Die enigste man onder 'n aantal dames*
Jou **man** staan	*Vir niks bang wees nie; opgewasse teen*
'n **Man** van sy woord	*'n Man op wie staatgemaak kan word*
Soos een **man**	*Eenparig*
Miere hê	*Woelig en rusteloos wees*
Met 'n **mond** vol tande staan	*Niks te sê hê nie*
Nie op sy **mond** geval wees nie	*Altyd 'n antwoord gereed hê*
Dis **mosterd** na die maal	*Te laat*
Murg in jou pype hê	*Sterk wees*

Dit was **naelskraap**	*Dit was baie ampertjies*
Hy het deur sy **nek** betaal daarvoor	*Te veel betaal*
Dis **neusie** verby	*Dis te laat / Die kans is verlore*
Jou **neus** in iemand se sake steek	*Jou met ander se sake bemoei*
In jou **noppies** wees oor iets	*Baie ingenome*
'n **Ogie** op iemand hê	*Verlief wees op iemand sonder dat die persoon daarvan weet*
Hy het die **onderspit** gedelf	*Hy het verloor; die slegste daarvan afgekom*
Onkruid vergaan nie	*'n Slegte of niksweerd persoon kom niks oor nie*
Nie **ooghare** vir iemand hê nie	*Nie van hom hou nie*
By die een **oor** in en by die ander uit	*Gou vergeet wat jy gehoor het*
Klein muisies het groot **ore**	*Kinders luister fyn*
Die mure het **ore**	*Praat saggies, jy mag dalk afgeluister word*
Alle **paaie** lei na Rome	*'n Mens kan jou doel op verskillende maniere bereik*
Hy is in die **pad** gesteek	*Afgedank*
As dit **pap** reën, moet jy skep	*Elke geleentheid moet gebruik word*
As die **perde** horings kry	*Nooit*
Daar sal **perde** wees	*Daar sal groot moeilikheid wees*
Moenie 'n gegewe **perd** in die bek kyk nie	*Moenie 'n geskenk gekritiseer nie*
'n Verkeerde **perd** opsaal	*Die verkeerde ding doen*
Die **perke** oorskry	*Te ver gaan*
'n Bitter **pil**	*'n Onaangename saak*
Iemand om jou **pinkie** draai	*Iemand heeltemal beheer*
Die **pot** mis sit	*Nie slaag nie*
Die **pot** verwyt die ketel	*'n Ander vir 'n fout verwyt wat jy self gemaak het*
Elke **pot** kry sy deksel	*Elkeen kry die maat wat by hom pas*
Probeer is die beste geweer	*Deur te probeer, bereik mens jou doel*
Na iemand se **pype** dans	*Alles doen wat iemand anders wil hê*

Uit die boonste **rakke**	*Van die beste gehalte*
Iemand 'n **rat** voor die oë draai	*Iemand bedrieg*
Die **rieme** neerlê	*Weghardloop*
Dis vir my 'n **riem** onder die hart	*Dis vir my 'n groot bemoediging*
Iemand met 'n slap **riem** vang	*Iemand sonder moeite in jou mag kry*
Jou **rieme** styfloop	*In die moeilikheid kom; jou vasloop*
Jy kan hom deur 'n **ring** trek	*Hy is baie netjies aangetrek*
Waar 'n **rokie** is, moet 'n vuurtjie brand	*'n Skinderpraatjie, hoe oordrewe ook al, bevat gewoonlik 'n bietjie waarheid*
Rome is nie in een dag gebou nie	*'n Groot werk kom langsaam tot stand*
Iemand **rot** en kaal besteel	*Alles steel*
Gedane **sake** het geen keer nie	*Aan wat reeds gebeur het, kan niks verander word nie*
In **sak** en as sit	*In die grootste droefheid gedompel wees*
Aan hom is daar geen **salf** te smeer nie	*Dis hopeloos om hom te probeer verander*
Sak **Sarel**!	*Moenie so oordryf nie*
Meng jou met **semels**, dan vreet die varke jou	*As jy met slegte geselskap omgaan, word jy ook sleg*
Iemand se **siel** uittrek	*Hom terg*
Die **swartskaap** wees	*Iemand wat altyd die skuld kry; die persoon wat sy familie in die skande steek*
Hy weet waar die **skoen** hom druk	*Hy weet presies wat sy moeilikheid is*
Ons spanne het **skoonskip** gemaak	*Ons het alles gewen*
Iemand op die **skouer** klop	*Iemand prys*
Skouer aan die wiel sit	*Alle kragte inspan*
Die **skrif** is aan die muur	*Die uur van afrekening is daar*
Iemand die **skrik** op die lyf jaag	*Iemand bang maak*
Daar is 'n **skroef** los	*Daar is iets verkeerd*
In iemand se **slaai** krap	*Hom in liefdesake of ook andersins benadeel*
Oor iets **slaap**	*Goed nadink oor iets*

Daar is 'n **slang** in die gras	*Die omstandighede lyk verdag; daar is iets verkeerd*
Hy kon **slange** vang	*Hy was baie kwaad*
Slim vang sy baas	*'n Mens kan jou vasloop deur te slim te wil wees*
Snuf in die neus kry	*Agterdogtig raak*
Alles vir **soetkoek** opeet	*Alles glo wat iemand jou vertel*
Die **sout** van die aarde wees	*Inherent 'n goeie mens wees*
Hy slaan die **spyker** op die kop	*Hy sê die regte ding*
Stadig oor die klippe	*Moenie oorhaastig wees nie*
Daar 'n **stokkie** voor steek	*Iets verhoed / 'n end daaraan maak*
Stokkiesdraai	*Sonder verlof uit die skool / klas bly*
Die beste **stuurlui** staan aan wal	*Dis maklik om ander te kritiseer*
Een swaeltjie maak nie 'n **somer** nie	*'n Individuele geval moenie veralgemeen word nie*
Trou is nie perdekoop nie	*Trou is 'n ernstige saak*
'n **Uiltjie** knip	*'n Rukkie slaap*
Hy is uit die **veld** geslaan	*Hy is verbaas en weet nie mooi wat om te doen nie*
Hy het lang **vingers**	*Hy steel*
Dis **vinkel** en koljander	*Dis presies dieselfde*
Tweede **viool** speel	*Ondergeskik wees*
'n **Vlieg** in die salf wees	*Die onaangenaamheid in 'n situasie wees*
Van iemand 'n **vloerlap** maak	*Iemand misbruik*
Voëls van eenderse vere wees	*Hulle geaardheid / karakter is dieselfde*
Ek het 'n **voëltjie** hoor fluit	*Ek het êrens so iets gehoor*
Dit is bo sy **vuurmaakplek**	*Dis meer as waartoe hy in staat is*
Moenie voor op die **wa** wees nie	*Moenie voorbarig wees nie*
Iemand van die **wal** in die sloot help	*Iemand verder in die moeilikheid dompel*
Soos **water** op 'n eend se rug	*Dit het geen uitwerking nie / Jou aan niks steur nie*
Iets in die **wiele** ry	*Iets dwarsboom*
Dit gaan voor die **wind**	*Dit gaan (baie goed)*
Iets met **wortel** en tak uitroei	*Heeltemal ontslae raak daarvan*

VERGELYKINGS

so arm soos 'n kerkmuis

so nuuskierig soos 'n aap

so lig soos 'n veer

so bleek soos 'n laken

so oud soos die berge

so lelik soos die nag

SO BLIND SOOS 'N MOL

so plat soos 'n pannekoek

so blou soos die hemel

SWEM SOOS 'N VIS

PRONK SOOS 'N POU

so mak soos 'n lammetjie

so dapper soos 'n leeu

so reg soos 'n roer

SO MAER SOOS 'N KRAAI

so dood soos 'n mossie

so rond soos 'n koeël

SO DOOF SOOS 'N KWARTEL



so rooi soos bloed

so dom soos 'n esel

so wit soos sneeu

so regop soos 'n kers

so donker soos die nag

rook soos 'n skoorsteen

so trots soos 'n pou

so dronk soos 'n matroos

SO SAG SOOS SY

2x2=4

so droog soos kurk/strooi

so seker as twee maal twee vier is

SO DUN SOOS 'N PLANK

sing soos 'n nagtegaal

so fris soos 'n perd

so skerp soos 'n skeermes

so geduldig soos Job

so skraal soos 'n riet

so koel soos 'n komkommer

geld soos bossies

so skurf soos 'n padda

so gereeld soos klokslag

slaap soos 'n klip

so giftig soos 'n slang

so slim soos 'n jakkals

so glad soos seep

so swart soos die nag

SO SOET SOOS SUIKER/STROOP

so groen soos gras

so stadig soos 'n skilpad/trapsoetjies

so groot soos 'n reus

lieg soos 'n tandetrekker

so steeks soos 'n donkie

so hard soos 'n klip

so sterk soos 'n os

so helder soos kristal

so taai soos 'n ratel

SO SUUR SOOS ASYN

SO STIL SOOS 'N MUIS

SO HONGER SOOS N WOLF

so swak soos 'n lammetjie

idiomatiese benamings vir mense

'n **Agie** is baie nuuskierig.

'n **Amasone** is 'n sterk en strydlustige vrou.

'n **Babbelkous** is iemand wat baie praat.

'n **Bacchus** is iemand wat baie drink.

'n **Barmhartige Samaritaan** help ander in nood.

'n **Delilla** is 'n verleidster.

'n **Draadsitter** is iemand wat nie kant kies nie.

'n **Don Juan** is 'n sjarmante hartebreker.

'n **Hercules** is 'n baie sterk persoon.

'n **Janus** is 'n tweegesig.

'n **Job** is 'n baie geduldige persoon.

'n **Nero** is 'n baie wrede persoon.

'n **Ongelowige Thomas** is iemand wat bewyse soek voor hy iets glo.

'n **Suurpruim** lyk altyd of sy/hy kwaad is.

Die atleet wat soms voor hardloop om vir atlete die pas aan te gee, noem ons die **haas**.

'n **Herkules** is 'n baie sterk persoon.

'n **Kapokhaantjie** is parmantig.

As jy 'n **kerkmuis** is, is jy baie arm.

'n **Kokkedoor** is 'n belangrike persoon.

'n **Laatlammetjie** is lank na sy broers en susters gebore.

'n **Lunsriem** is 'n vuil persoon.

'n **Maljan onder die hoenders** is een man tussen baie vrouens.

'n **Papbroek** is lafhartig.

'n **Skobbejak** is 'n ongemanierde mens.

'n **Smulpaap** hou daarvan om lekker te eet.

'n **Sondagskind** is baie gelukkig.

'n **Vleispaleis** is 'n sterk, gespierde man.

'n **Windbuks** hou daarvan om te spog.

'n **Wysneus** dink sy/hy weet alles.